education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

(Tweede Vraestel)

NKR VLAK 3

(4101053)

16 November 2018 (Y-Vraestel)
13:00–15:30

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye en 7 antwoordblaaie.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 2½ UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: VERSLAG (50 punte)
   AFDELING B: LANG FUNKSIONELE SKRYFWERK (30 punte)
   AFDELING C: KORT FUNKSIONELE SKRYFWERK (20 punte)

2. Beantwoord EEN van die drie vrae in Afdeling A.
   Beantwoord EEN van die twee vrae in Afdeling B.
   Beantwoord EEN van die drie vrae in Afdeling C.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Beplan, redigeer en proeflees jou skryfstukke.
   Dui ALLE beplanning duidelik aan; dit moet VOOR die skryfstuk wees.

6. Trek 'n streep deur die beplanning as jy jou finale weergawe klaar oorgeskryf het.

7. Laat 'n reël oop tussen antwoorde.

8. Begin elke afdeling se antwoorde op 'n NUWE bladsy.

9. Beantwoord VRAAG 1 op ANTWOORDBLAD 1
   Beantwoord VRAAG 3 op ANTWOORDBLAD 2
   Beantwoord VRAAG 4.2 op ANTWOORDBLAD 3
   Beantwoord VRAAG 5.2 op ANTWOORDBLAD 4
   Beantwoord VRAAG 6 op ANTWOORDBLAD 5
   Beantwoord VRAAG 8 op ANTWOORDBLAAIE 6-7
   Beantwoord ALLE ander vra in die ANTWOORDBOEK.

10. Maak seker dat jy jou EKSAMENNOMMER op elke ANTWOORDBLAD skryf en dit saam met die ANTWOORDBOEK inlewer.

11. Let op na die puntetoekenning by elke vraag.

12. Beplan jou tyd.

13. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: VERSLAG

Beantwoord EEN van die drie vrae in AFDELING A.
Skryf 150-250 woorde oor die onderwerp wat jy kies.

VRAAG 1: POLISIEVERSLAG

SITUASIE:

Op Saterdag, 1 Mei 2018 het 'n groep jong mans by die klerewinkel waar jy werk ingestorm. Hulle het almal in die winkel beveel om op die grond te gaan lê. Hulle het klere van die rakke af gegryp en in swart sakke gedruk. Hulle het die kontant ook uit die kasregister geneem. Die rooftog het om 11:25 plaasgevind. Gelukkig is niemand beseer nie.

Na afloop van die rooftog het die mans na buite gestorm en in 'n swart Jetta weggejaag. Die eienaar van die winkel het die polisie geskakel. Hy het jou gevra om die POLISIEVERSLAG te voltooi aangesien jy 'n ooggetuie was.

Die mans was almal tussen 20 en 25 jaar oud. Hulle het Engels gepraat en was van etniese afkoms. Die leier is baie groot gebou en het 'n litteken op sy gesig. Een van die mans het mank geloop.

OPDRAG:

Skryf die POLISIEVERSLAG (150-250 woorde) op ANTWOORDBLAD 1.
Let op aanduidings van die inligting wat op die vorm verwag word.
Gee 'n beskrywing van die rowers en verduidelik so volledig as moontlik wat gebeur het.

Onthou om jou EKSAMENNOMMER op die ANTWOORDBLAD in te vul.
Gee dit saam met die ANTWOORDBOEK in. **[50]**

OF

VRAAG 2: VORDERINGSVERSLAG

SITUASIE:

Jy is die sekretaresse van die Metodistekerk in jou dorp. Die kerk reël elke jaar 'n Kersete vir al die behoeftige mense in die omgewing. Jy is verantwoordelik vir die reëlings van die Kersete by die Metodistekerk op 25 Desember 2018.

Die gemeente se predikant wil weet hoe die reëlings vir die dag vorder en of jy vrywilligers vir die geleentheid gereël het. Hy wil met jou bevestig dat die funksie in die kerksaal sal plaasvind.

Die volgende reëlings is reeds getref:

- Die kerksaal sal vir die funksie gebruik word.
- Verrigtinge begin om 11:00.
- Genoeg vrywilligers is vir die dag gereël.
- Uitnodigings is aan behoeftiges uitgedeel. Voorsiening word gemaak vir 50 addisionele behoeftiges.
- Die jeugprediker, ds. Salmon Mofokeng, het ingestem om die verwelkoming en die tafelgebed te doen.
- Spyseniering en eetgerei is gereël met dames uit die gemeente. Borge word egter nog gesoek vir vleis, koeldrank en poeding.
- Elke borg sal na afloop van die ete per e-pos bedank word. Borge sal ook in die plaaslike koerant, Die Rekord, bedank word.
- Die kerk se koor is genader om by die geleentheid op te tree. Mnr Little, die koorleier, sal egter nog bevestig of hulle beskikbaar is, aangesien sommige koorlede met vakansie is.
- Skenkings uit gemeente is gevra vir blomme en versierings, maar jy wag nog op bevestiging.
- Evaluering van die situasie
- Alle onafgehandelde take moet teen 20 Desember afgehandel wees.

OPDRAG:

Skryf 'n VORDERINGSVERSLAG (150-250 woorde) aan die predikant in jou ANTWOORDBOEK. Die volgende inligting moet daar wees:

- 'n Inleidende paragraaf met agtergrond soos die datum, tyd en plek van die verrigtinge
- Die take wat reeds voltooi is.
- Die take waarmee jy tans besig is, die mense wat daarby betrokke is en datums waarop daardie take afgehandel behoort te wees
- 'n Slotparagraaf waarin jy jou vordering evalueer

Onthou om jou verslag van 'n gepaste OPSKRIF te voorsien. **[50]**

OF

VRAAG 3: TERUGVOERVERSLAG

SITUASIE:

Jy werk as sekretaresse by die Klein Begin Kleuterskool.

Jy en ander personeellede het van 20 tot 24 Februarie 2018 'n werkswinkel bygewoon wat gehandel het oor moontlike fondsinsamelingsprojekte vir kleuterskole.

Die skoolhoof van die kleuterskool vra jou om 'n terugvoerverslag te skryf waarin jy 'n oorsig oor die werkswinkel gee.

OPDRAG:

Skryf 'n TERUGVOERVERSLAG (150-250 woorde) aan die skoolhoof op ANTWOORDBLAD 2. Gee 'n oorsig oor die werkswinkel wat jy bygewoon het.

Gee die volgende inligting in jou verslag:

- Waar en wanneer jy die werkswinkel bygewoon het
- Die doel van die werkswinkel
- Beskryf die aanbieders van die werkswinkel kortliks.
- Noem TWEE dinge wat jy leersaam en opbouend gevind het.
- Noem VYF moontlike projekte waarvan jy geleer het wat die kleuterskool definitief kan gebruik om fondse in te samel
- Ten minste DRIE aanbevelings na aanleiding van die werkswinkel om uitgawes by die kleuterskool te beperk
- Gevolgtrekking: sal dit die moeite werd wees dat alle lede van die skool se bestuursliggaam en die personeel so 'n werkswinkel behoort bywoon?

Onthou om jou verslag van 'n gepaste OPSKRIF te voorsien.

Onthou om jou EKSAMENNOMMER op die ANTWOORDBLAD in te vul.
Gee dit saam met die ANTWOORDBOEK in. **[50]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: LANG FUNKSIONELE SKRYFWERK (VERGADERINGS)

Beantwoord EEN van die twee vrae in AFDELING B.

VRAAG 4

VRAAG 4.1: KENNISGEWING EN AGENDA

SITUASIE:

'n Spesiale vergadering van Kroonstad Rolbalklub vind op Donderdag, 31 Mei 2018 plaas.

Sake wat bespreek moet word, is moontlike deelname aan die nasionale kampioenskappe in Kaapstad asook die verkiesing van die span wat gaan deelneem. Moontlike borge moet genader word om uitgawes verbonde aan die nasionale kampioenskappe te verminder. Akkommodasie moet bespreek en etes gereël word.

OPDRAG:

Voltooi die KENNISGEWING EN AGENDA vir die spesiale vergadering van Kroonstad Rolbalklub deur die ontbrekende inligting in die oop spasies hier onder in te vul. Skryf net die antwoord langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

KENNISGEWING:

KROONSTAD ROLBALKLUB

Posbus 13
KROONSTAD
9781

Tel: 072 863 2003 Faks: 072 863 2004 E-pos: info@rolbal.com

(4.1.1) …

Geagte (4.1.2) …

KENNISGEWING VAN (4.1.3) …

Neem asseblief kennis van die vergadering van die bestuur van Kroonstad Rolbalklub op (4.1.4) … om (4.1.5) … in die (4.1.6) …

Die rede vir die vergadering is (4.1.7) …

AGENDA

1. Opening en verwelkoming

2. (4.1.8) …

3. (4.1.9) … (punt 2 en 3 mag ook omgeruil word)

4. Besprekingspunte/Nasionale kampioenskappe:

   4.1 (4.1.10) …
   4.2 (4.1.11) …
   4.3 (4.1.12) …
   4.4 (4.1.13) …

5. (4.1.14) …

(4.1.15) …

C.B. Green
ONDERVOORSITTER (15)

VRAAG 4.2: NOTULE

OPDRAG:

Skryf slegs die OPSKRIF van die NOTULE (60–75 woorde) asook die notule van NUWE SAKE soos op ANTWOORDBLAD 3. Sluit ook die notule af.

Gebruik die onderstaande kernnotas om die notule te skryf:

Die bestuur besluit dat die Kroonstad Rolbalklub aan die nasionale kampioenskappe in Kaapstad gaan deelneem ten spyte van die hoë kostes daaraan verbonde. Die span wat gaan deelneem, sal deur die afrigter aangewys word na afloop van die volgende proewe wat op 13 Maart 2018 plaasvind. Moontlike borge wat genader kan word deur Mnr. H Adams, is Meat King, Realty Eiendomme en Kroonstad Spar. Die sekretaresse, M. Motloung, sal kwotasies kry vir akkommodasie en etes tydens deelname aan die kampioenskappe.

Onthou om jou EKSAMENNOMMER op die ANTWOORDBLAD in te vul.
Gee dit saam met die ANTWOORDBOEK in. (15)
[30]

OF

VRAAG 5.1: KENNISGEWING EN AGENDA

SITUASIE:

Die bestuur van Riaan se Paneelkloppers wil op 17 Augustus 2018 om 16:00 'n personeelvergadering met alle personeellede in die personeelkamer belê.

Sake uit die notule wat bespreek gaan word, is personeelopleiding, kwotasies vir nuwe toerusting soos aangevra deur die personeel en terugvoer van die unieverteenwoordiger.

Nuwe sake wat bespreek sal word, is nuwe oorpakke vir werkswinkelpersoneel, langer etensuur vir personeel en verpligte noodhulpkursus .

OPDRAG:

Skryf die KENNISGEWING EN AGENDA (30–35 woorde) van die personeelvergadering in jou ANTWOORDBOEK. Gebruik dan die items op die agenda hieronder, maar rangskik dit in DIE REGTE VOLGORDE. Maak seker jou agenda is korrek genommer en onderteken.

(15)

RIAAN se PANEELKLOPPERS

AGENDA

1. Datum van die volgende vergadering
2. Nuwe sake:
   - 2.1 Nuwe oorpakke vir werkswinkelpersoneel
   - 2.2 Langer etensuur vir personeel
   - 2.3 Verpligte noodhulpkursus
3. Opening en verwelkoming
4. Algemeen
5. Afsluiting
6. Bywoningsregister
7. Notule van die vorige vergadering
8. Verskonings
9. Sake uit notule:
   - 9.1 Personeelopleiding
   - 9.3 Kwotasies vir nuwe toerusting
   - 9.4 Terugvoer van die unieverteenwoordiger

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5.2: NOTULE

Skryf slegs die OPSKRIF van die NOTULE (60–75 woorde) asook die notule van NUWE SAKE van Riaan se Paneelkloppers se personeelvergadering soos op ANTWOORDBLAD 4. Sluit ook die notule af.

Die volgende nuwe sake is by die vergadering bespreek:

Nuwe sake:

- Nuwe oorpakke vir werkswinkelpersoneel
- Langer etensuur vir personeel
- Verpligte noodhulpkursus

Onthou om jou EKSAMENNOMMER op die ANTWOORDBLAD in te vul.
Gee dit saam met die ANTWOORDBOEK in. (15)
[30]

TOTAAL AFDELING B: 30

NCW

AFDELING C: KORT FUNKSIONELE SKRYFWERK

Beantwoord EEN van die drie vrae in AFDELING C.

VRAAG 6: E-POS

SITUASIE:

Jy is die bestuurder van Prestasie Kollege se netbalspan.

Jy wil alle borge bedank wat meegehelp het dat die span kon deelneem aan die Interkollege Netbalkampioenskappe wat plaasgevind het vanaf 21 tot 27 Julie 2018.

Die borge het finansiële ondersteuning vir toerusting en die spelers se uitrustings verskaf. Uitgawes soos vervoerkoste, akkommodasie en etes is ook drasties verminder danksy hierdie borge se ondersteuning. Die toeskouers het opgemerk hoe treffend die spelers se uitrustings was. Hul gedrag en spel was uitmuntend en hul het in die derde plek geëindig.

OPDRAG:

Skryf op ANTWOORDBLAD 5 'n E-POS (80–100 woorde) aan die borge om hulle te bedank.

Onthou om die e-posadres in die regte formaat te skryf. Bedank die betrokke borge vir hul finansiële ondersteuning. Noem dat die spelers treffend geklee was en dat hul gedrag en spel uitmuntend was. Onthou om met welwillendheid af te sluit.

Onthou om jou EKSAMENNOMMER op die ANTWOORDBLAD in te vul.
Gee dit saam met die ANTWOORDBOEK in. **[20]**

OF

VRAAG 7: TYDSKRIFADVERTENSIE

SITUASIE:

Jy is die bestuurder van 'n liefdadigheidsorganisasie wat minderbevoorregte kinders ondersteun om na skool verder te studeer. Die organisasie benodig egter finansiële ondersteuning van die publiek.

OPDRAG:

Ontwerp die A4-TYDSKRIFADVERTENSIE (80–100 woorde) in jou ANTWOORDBOEK waarmee jy lede van die publiek probeer oorreed om finansieel tot hierdie verdienstelike saak by te dra Hou die ABBA-beginsel in gedagte wanneer jy die advertensie ontwerp.

Verskaf ten minste TWEE feite oor die liefdadigheidsorganisasie, byvoorbeeld waar die hoofkantoor is. Verduidelik wat die doel van die liefdadigheidsorganisasie is en hoe minderbevoorregte kinders met die geld gehelp word. Moedig die publiek met 'n kort sinnetjie aan om betrokke te raak by hierdie verdienstelike saak. Gebruik 'n gepaste slagspreuk. Onthou ook om volledige kontakbesonderhede te gee sodat 'n verteenwoordiger gekontak kan word. **[20]**

OF

VRAAG 8: INVUL VAN 'n VORM

SITUASIE:

Jy wil 'n bankrekening by die plaaslike UBUNTU Bank open.

OPDRAG:

Vul die aansoekvorm op ANTWOORDBLAD 6–7 volledig in.

Onthou om jou EKSAMENNOMMER op die ANTWOORDBLAD in te vul.
Gee dit saam met die ANTWOORDBOEK in. **[20]**

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou

ANTWOORDBLAD 1 EKSAMENNOMMER:

VRAAG 1: POLISIEVERSLAG (150–250 woorde)

POLISIEVERSLAG		
Saaknommer:		**(2)**
Datum waarop insident plaasgevind het: (Skryf voluit)		**(2)**
Tyd van insident:		**(2)**
Polisiebeampte:		**(2)**
Klaer en klaer se ID		**(2)**
Adres:		**(2)**
Kontakbesonderhede:	**(h)** **(w)** **(s)**	**(2)**
Ooggetuie(s):		**(1)**
Kontakbesonderhede:		**(2)**
Detail van voorval: **INHOUD:** **TAAL EN STYL:**		**(16)** **(7)**
Beskrywing van oortreder(s):		**(8)**
Verslag geskryf deur:		**(1)**
Geteken:		**(1)**

[50]

Kopiereg voorbehou

ANTWOORDBLAD 2 EKSAMENNOMMER:

VRAAG 3: TERUGVOERVERSLAG (150-250 woorde)

KLEIN BEGIN KLEUTERSKOOL

Slimstraat 20
BLOEMDAL
0080

Posbus 22
BLOEMDAL
0080

Tel: 086 6006 616 Faks: 086 60006617 e-pos: kleinbegin@gmail.co.za

[50]

Kopiereg voorbehou

ANTWOORDBLAD 3 EKSAMENNOMMER:

VRAAG 4.2: NOTULE (60–75 woorde)

NOTULE

(3)

6. NUWE SAKE

ITEM NO	ITEM	AKSIE	VERANTWOORDE-LIKE PERSOON	
6.1	**Deelname aan nasionale kampioen-skappe**			(2)
6.2	**Verkiesing van die span**			(3)
6.3	**Moontlike borge**			(4)
6.4	**Kwotasies vir akkommodasie en etes**			(2)

9. **AFSLUITING** (1)

GETEKEN: _____ **DATUM:** _____

[15]

Kopiereg voorbehou

ANTWOORDBLAD 4 **EKSAMENNOMMER:**

VRAAG 5.2: NOTULE (60–75 woorde)

NOTULE

(3)

6. NUWE SAKE:

ITEM NO.	ITEM	AKSIE	VERANTWOORDE-LIKE PERSOON	
6.1	**Oorpakke**	**(3)**	**(1)**	(4)
6.2	**Langer etensuur**	**(3)**	**(1)**	(4)
6.3	**Noodhulpkursus**	**(2)**	**(1)**	(3)

9. **AFSLUITING**

(1)

GETEKEN: **DATUM:**

[15]

Kopiereg voorbehou

ANTWOORDBLAD 5 EKSAMENNOMMER:

AFDELING C

VRAAG 6: E-POS (80–100 woorde)

AAN:	
ONDERWERP:	
BOODSKAP:	

[20]

Kopiereg voorbehou

ANTWOORDBLAD 6 EKSAMENNOMMER:

AFDELING C

VRAAG 8: INVUL VAN VORM

UBUNTU Bank

POSBUS 546
PRETORIA
2000

AANSOEK OM OPENING VAN BANKREKENING:

MERK MET [X]

TIPE BANKREKENING

SPAARREKENING	KREDIETKAART	FLEKSIEREKENING

Titel: _____

Voorletters: _____

Van: _____

Volle naam: _____

ID nommer: _____

Taalvoorkeur: _____

Kontakbesonderhede:

Telefoon: Huis: (_____)_____

Werk: (_____)_____

Sel: _____

NCV

ANTWOORDBLAD 7 EKSAMENNOMMER:

VRAAG 8: INVUL VAN VORM (vervolg)

VORIGE BANKBESONDERHEDE: _____

NAAM VAN BANK: _____

TAKADRES: _____

REKENINGNOMMER:

Watter metode van kommunikasie verkies jou:

SMS ☐ e-pos: ☐

VERWYSINGS:

1. _____

_____

2. _____

_____

3. _____

_____

_____ _____

(Handtekening) (Datum) **[20]**

ONTHOU OM AL DIE ANTWOORDBLAAIE SAAM MET DIE ANTWOORDBOEK IN TE LEWER.

Kopiereg voorbehou